



Sept, Okt & Nov 2023

Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

GEANKER IN HOOP...

Die enigste verskil tussen diegene wat Volhard
en opgee is...*hóóp*.

Niemand wat weet wat alles in die oop see kan gebeur sal sonder 'n anker op 'n skip die see invaar nie. Daar kan toestande ontwikkel wat so erg is dat die anker die enigste hoop vir almal aan boord is. Niks kan die rol van 'n stewige en veilige anker vervang nie. Ook in ons lewe en wêreld vol onsekerhede en storms is dit goed om te hoor dat daar vir ons wel 'n anker is wat hou! Die Bybel sê dat kinders van God hoop het as anker. In Heb 6:19 staan die bekende woorde geskryf: *Hierdie hoop besit ons as 'n veilige en onbeweeglike lewensanker....* Ons is veranker in Jesus Christus wat opgestaan het uit die dood, nou aan die regterhand van die Vader regeer (met volle mag en krag) en wat vir ons 'n beter toekoms gereed maak.

Daarom is ons mense wat dans in ons pynlike en gebroke omstandighede, want ons hoor reeds God se toekoms-musiek! Christus is ons lewende hoop.

Ek lees onlangs die verhaal van 'n man wat in 'n armoedige omgewing langs 'n koolsteengroef gewoon het, en gevra is of hy nie neerslagtig word om so teen die hope steenkool vas te kyk nie. Hy het geantwoord dat wanneer hy in sy rolstoel sit hy nie fokus op die steenkoolhoop nie.

JAARTEMA: God roep, ons bou!

Hy kyk na die peerboom wat in lentetyd spierwitbloeisels kry. Teen die swart steenkool is hulle witter as wit! Dit is vir hom 'n teken van God wat nog in beheer is en wat besig is in hierdie wêreld. God gaan nog iets beters doen net soos bloeisels nog gaan verander in pere. *Die bloeisels gee my hoop want dit herinner my aan God wat lewe, in wie se goeie hande ek is en by wie alles moontlik is.* Ons het die “bloeisels” van die kruis, die leë graf, Sy Gees en al die seëninge van die lewe wat ons herinner aan die beter toekoms waarheen Hy met ons op pad is. Dit maak alles wat ons nou ervaar draaglik en hanteerbaar!

Ons gaan vanaf 10 September stilstaan by hierdie tema van hoop; hoe om hoop te vind om vorentoe te gaan; hoe om teleurstellings en die frustasies van die lewe te oorkom, en weer vreugde te vind wanneer die lewe nie regverdig is nie. Ons gaan saamreis deur die 1 Petrus brief en saam die hoop ontdek in swaarkry.

Hierdie 40 dae reeks is vir ons almal uiters belangrik. Nie een van ons kan bekostig om dit mis te loop nie want dit wil ons juis help om die vlam van hoop in ons lewe sterker te laat brand. Die tema van die 40 dae is: **Geanker in hoop!**

Daar sal daaglikse dagstukkies op ons gemeente Whatsapp-groepe gestuur word.

Preeknota's en saampraatpapiere sal Sondae beskikbaar wees.

Ons wil jou ook spesiaal uitnooi om in hierdie 40 dae by 'n omgee-groep of Bybelstudiegroep aan te sluit. Die onderstaande artikel beskryf die doel van 'n omgee-groep en hoekom dit vir ons nodig in. Ons wil jou graag vra om in hierdie 40 dae reeks ook 'n omgee-groep 'n kans te gee en die waarde daarvan te ontdek.

Dit is die moeite werd!

Sien uit om saam met jou die 40 dae-pad van hoop te loop!

Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees! (Rom 15:13).

Ds Petro Jonker

----- DATUMS VAN BELANG -----

- ♦ **9 Sept:** Fees Naweek
- ♦ **10 Sept:** 40 Dae Reeks begin
- ♦ **17 Sept:** Nagmaal @ 9:00
- ♦ **25 Sept:** Publieke Vakansiedag
- ♦ **29 Sept:** Skole Sluit
- ♦ **10 Okt:** Skole Open
- ♦ **15 Okt:** 40 Dae Afsluiting
- ♦ **5 Nov:** Dankofferdiens
- ♦ **19 Nov:** Nagmaal @ 9:00
- ♦ **26 Nov:** Kategese Afsluiting @ 10:15 &
Kerssangdiens @ 19:00



ZERO BOOMSLOPING



BOOMSLOPING EN SNOEI
VAN BOME EN STRUIKE
ONS VERSKAF OOK KAGGELHOUT



KONTAK ERNST 083 656 4992

WWW.TREECAREPTA.CO.ZA

RIETFontein-SUID se OMGEEGROEPE

Ons is dankbaar dat ons reeds 'n paar Omgeegroepes het wat effektief aangaan – **Taddeus (Donderdae), onder leiding van Johanna en Dries, Môresterre (Woensdagaande), van Peet en Tertia, Tomas (Elke tweede Sondagaand), van Tommy en Malinda, die Gebedsbediening (Sondagoggende en -aande voor Eredienste), van Gert en Carine, en die Jongmense onder leiding van Marno.**

Indien jy op die punt gekom het om by 'n Omgeegroep te wil aansluit, kontak gerus een van hierdie Omgeegroepes, of andersins Peet (084 464 7102) of Tommy (082 372 9803) om dalk jou eie groep te stig? **Ons 2023, 40 dae reeks is 'n gulde geleentheid om nou betrokke te raak!**

Die bedoeling is om elke lid van ons Gemeente, (Kinders, Jeug, Jong Getroudes, Gesinne, Middeljariges, of Seniors) in 'n Omgeegroep betrokke te kry om ons Here saam te loof en aanbid.

Ons stuur die weeklikse Omgeepapiere uit om die Geestelike Toerusting wat ons uit Sondae se preke en eredienste, en elke jaar se 40 Dae reekse ontvang, prakties in ons Gemeentelede se daaglikse lewe, en die Gemeente se Bedienings en Bybelstudie toe te pas.

Met Omgeegroepes het ons 'n praktiese, maar vertroulike en intieme proses in ons gemeente om te help om voortdurend, nie net by eredienste nie, vir mekaar om te gee.

Omgeegroepes help ons Gemeentelede om mekaar te ondersteun deur konkreet vir mekaar te bid en beskikbaar en betrokke te wees in die verskillende fasette van ons lewens. Omgeegroepes is ook bedoel om Bybelse of Christelike oplossings, wysheid, insig, praktiese raad, hulp en ondersteuning vir gemeentelede met besondere gesins-uitdagings en behoeftes te vind, en voorbidding vir mekaar te doen (bv. vir terminale of ernstige siektes in die gesin, geestesgesondheid, uitbranding, ens). Dis hoe die gelowiges in die tyd van die Nuwe Testament dit gedoen het! Ons geliefde Predikant kan dit nie alleen doen nie!

Hier is 'n paar getuienisse van lede van die bestaande Omgeegroepes:

"Sedert die begin van die jaar (2023) is ek lid van die selgroep.

(Ek het nooit voorheen aan 'n selgroep deelgeneem nie) - Ek het dadelik tuis en aanvaar gevoel! Ek vind dit regtig leersaam (Bybel) en ondersteunend (saam bid en geestelike groei)! Groete

“Ons as groep is lief vir mekaar en staan die een die ander by waar daar krisis is. Ons is daar vir mekaar en leef werklik die gesinsverklaring uit en is in die werklike sin 'n geestelike familie. Ek weet nie hoe ek sonder die groep kan funksioneer nie. Ons dra mekaar se laste en staan mekaar by.”

“Vir my is die mense van ons groep soos familie! 'n Groepie mense wat Jesus lief het en meer van Hom wil leer. Ons leer by, en van mekaar. Dis 'n “comfort zone” waar jy jouself kan wees. Ons het al baie saam deurgemaak.... dood, siektes, finansies, werkloosheid, ens. Ons besef elke keer dat die antwoord op ons probleme gebed is. Ons het egter ook baie vreugde en seëninge beleef!! Ons kuier lekker saam en kan lekker eet! Vir my is ons groep onmisbaar in my lewe, want elkeen is net 'n oproep ver!”

(Van 'n ander lid van dieselfde groep): “Beslis soos familie - waar jy kan wees wie jy is en niemand gaan jou skeef uitkyk nie -- of jy uitgesproke of stil is, dit maak nie saak nie. Ons kan ons probleme op die tafel sit en insette kry en van ander se ondervindings leer - maar al is ons almal verskillend, weet ons ons is almal dieselfde want ons is Geanker in God!”

“In ons Omgeegroep leer ons baie van mekaar, want ons praat oor ons lewensprobleme, bid saam, en gee mekaar raad! Ons het met die tyd agtergekom dat ons almal omtrent dieselfde soort probleme het! Ek het egter nog nooit die idee gekry dat my probleme met iemand buite ons groep bespreek is nie. Die lekkerste vir my is ons saamsing en saambid. Ons het altyd baie om voor dankie te sê, want die Here het al báíe gebede van ons verhoor! Ek mis nie maklik ons weeklikse byeenkomste nie!”

“Ons selgroep beteken vir my geweldig baie. Ons kom elke 2de week bymekaar. Op die oomblik gaan ons gereeld na ('n siek Selgroeplid) se huis toe, want hy is nog nie sterk genoeg om na óns te kom nie. Dis hoe dit by ons werk - ons ondersteun en help mekaar waar hulp nodig is. Ons is altyd daar vir mekaar.”

“My Omgeegroep is my anker - Om elke week bymekaar te kan kom, ons Here te aanbid en saam te sing. Met ons byeenkoms deel ons ook in mekaar se lief en leed, iets wat van onskatbare waarde is.”

Die Jongmense se Omgeegroep se naam is Keramikos (van klei gemaak)

Marno beskryf Keramikos soos volg:

“As jong volwassenes het ons die nood ervaar om 'n Omgeegroep te stig en weer bymekaar uit te kom. Baie van ons het met Katkisasie laas in 'n kerkgroep bymekaar gekom, sonder enige ondersteuningstruktuur om na Belydenisaflegging bymekaar te kan kom. In die rofweg 7 maande wat ons elke Donderdag bymekaar kom het hierdie ondersteuning ons geloof weer versterk. Elke week is 'n geleentheid om met mekaar te click, te hoor hoe gaan dit, watter bekommernisse elkeen het en dan met en vir mekaar te bid. God se Woord is lewend en ons kan nie wág vir die Omgeegroep om te groei en al meer uit te brei nie.”

Hier is 'n getuienis oor die groep:

“Ons Omgeegroep is 'n geleentheid vir jongmense om weekliks saam met vriende bymekaar te kom om saam te leer en te gesels oor die Here. Ons deel lief en leed, gesels oor die Bybel, bespreek wat ons leer, en ons bid saam met mekaar, en vir mekaar. Dis belangrik om te groei in mens se geloof, en dis lekker om dit saam met ander jongmense te kan doen. Dis ook lekker om op 'n weeksaand bymekaar te kan kom, en nie net slegs op Sondag nie. Dit herinner mens om weg te breek van die week se gejaag, en om net vir 'n ruk lank stil te raak en die Here se rustigheid te ervaar en Sy teenwoordigheid in jou lewe te onthou.”

GEBEDSBEDIENING

Die Gemeente se Gebedsbediening is een van ons gemeente se Omgeegroepes met 'n spesiale roeping, en ons het gewoonlik 3 tot 5 aktiewe lede. Ons nooi jou graag uit om ook deel te neem!

Gebed is seker die belangrikste element in 'n persoon se aktiewe geloofslawe. Sonder kommunikasie (gebed) is dit moeilik om 'n lewende verhouding met ons Hemelse Vader te handhaaf en te bou.

Die Gebedsbediening in Rietfontein-Suid het juis ten doel om 'n aktiewe gebedslewe in die gemeente te vestig. Gebed is noodaaklik want dit bring my in gemeenskap met God en dit bring God ook in gemeenskap met my.

Die Gebedskamer is tans in die Oase. Dit is oop op Sondag vanaf 08:15 waar gemeentelede kan stil raak vóór die erediens en voorbidding kan doen veral vir die erediens, maar ook vir ander sake soos spesifieke gebedsversoeke of sake op die Gebedskalender.

Afskrifte van die Gebedskalender is ook in die Gebedskamer beskikbaar asook op die gemeente se webblad. Besoek dit gerus om jou persoonlike gebedslewe te rig.

Die Gebedskamer is ook oop op Sondag middag vanaf 17:00. Daar word dan veral voorbidding gedoen vir die kategeese en jeug en al die verwante aktiwiteite in die gemeente. Dit neem ook die vorm aan van 'n Omgeegroep gebedsbyeenkoms.

Daar is ook beperkte literatuur, spesifiek oor gebed, beskikbaar in die gebedskamer wat jy gerus op 'n leenbasis kan benut en terugbesorg sodra jy klaar is daarmee sodat ander gemeentelede dit ook kan gebruik.

Vir verdere inligting asook spesifieke gebedsversoeke kan jy gerus skakel met ds Petro Jonker (072 048 9856) of Gert Kok (072 120 2952).

Ons nooi ALMAL, elkeen van ons gemeentelede (ook jy wat hier lees), weereens uit om deel te neem aan die Geestelike Groei en Roeping van ons Gemeente – Sluit aan by 'n Omgeegroep!

Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking - Jakobus 5:16

Ogebedsbediening

Het jy 'n behoefte aan voorbidding? Ons gebedspan sal met graagte jou en jou situasie aan die Here opdra. Jy is nie alleen nie. Daar is gelowiges wat reg staan om langs jou in te skuil en saam jou te bid. Ons is hier vir jou!

NG RIETFontein-SUID



God kan dit doen

*Vir mense is dit onmoontlik,
maar vir God is alles moontlik.*

Matteus 19:26


Die bewyse dat God wel gebede beantwoord, is oorweldigend. Baie eietydse Chistene kan getuig dat wonderwerke in antwoord op gebed gebeur het. Lewens is verander; siektes is genees; verdraaide menslike verhoudings is herstel.

Ten spyte van die wonderwerkende krag van gebed, vereis God ons samewerking. God kan nie jou probleem oplos as jy dit in gebed voor Hom lê en dit dan weer met jou saam terugneem nie. Oorhandig dit volkome aan Hom. Moenie probeer om dit self op te los nie. Laat God toe om dit te ontknoop.

Op die regte tyd en op die regte wyse sal God antwoord en jy sal in verwondering staan oor die gevolg. Dan sal jy jou verheug oor die feit dat jy nie ingemeng het nie.

*Nie my wil nie, Meester, maar u wil geskied in my lewe.
Ek stel my lewe volkome tot u beskikking. Amen.*

Ozroveh S. (2008) Genade vir elke Oomblik, Christian Art Gifts RSA, bl. 18 Aug




ESTETIESE BEDIENING

Die Estetiese bediening se uitgangspunt is om seker te maak dat alles binne die kerkgebou, kerkterrein en tuin smaakvol en netjies versier is, sodat ons die Here saam in 'n aangename plek kan aanbid en dien.

Nie mees onlangse verbeterings is:

- ◇ Die beddings in die agterste tuin by die parkeerplekke is oorgedoen met die plant van vetplante.
- ◇ Winter is oppad uit, en in die kerktuin kan ons reeds die nuwe lewe van somer in die nuwe uitgroeiseltjies sien.
- ◇ Kompos word nou toegedien, en nuwe rose word binnekort geplant.
- ◇ Die volgende projek is die hoek van die tuin waar die kerk se letterbord is, wat mooi gemaak moet word.
- ◇ Dan is daar spesiale aandag gegee aan die area aan die Ooste kant van die kerk waar Ds. Petro almal wat kom gesels kan ontvang.
- ◇ 'n Nuwe tafel en stoele is gemaak, en mooi rakke met plante op, is teen die mure aangebring.
- ◇ Vrolike geel en pers gesiggies is in die ronde blompot aan die Ooste kant van die kerk geplant om almal te verwelkom.



RIETFLUIT ONTSPANNINGSHOEKIE

NO1

WORDS AND PHRASES COINED IN THE 70S

blaxploitation
earworm
ecotage
eurocentrism
glass ceiling
hip-hop
hotpants
lookism
microaggression
mind map
nanotechnology
outsider art
quality time
retro style
soft skills
Thatcherism
whistle-blower
womyn

M	S	I	R	T	N	E	C	O	R	U	E	L	W	P
N	O	I	S	S	E	R	G	G	A	O	R	C	I	M
A	A	I	E	G	A	T	O	C	E	T	G	E	P	L
N	N	E	Q	U	A	L	I	T	Y	T	I	M	E	F
O	N	O	I	T	A	T	I	O	L	P	X	A	L	B
T	W	O	M	Y	N	U	E	M	R	O	W	R	A	E
E	L	L	O	O	K	I	S	M	I	N	D	M	A	P
C	T	H	A	T	C	H	E	R	I	S	M	B	X	Z
H	W	R	H	S	S	T	N	A	P	T	O	H	F	B
N	I	Y	F	R	E	T	R	O	S	T	Y	L	E	M
O	L	G	L	A	S	S	C	E	I	L	I	N	G	S
L	E	P	J	S	L	L	I	K	S	T	F	O	S	A
O	P	O	H	P	I	H	G	G	Z	W	X	X	E	W
G	L	L	T	R	A	R	E	D	I	S	T	U	O	D
Y	R	E	W	O	L	B	E	L	T	S	I	H	W	L



WORD SEARCH

NO3

INDOOR SPORTS

air hockey
athletics
dancesport
darts
floorball
futsal
gymnastics
indoor soccer
racketlon
rackets
racquetball
real tennis
roller derby
roller hockey
snooker
squash
table tennis
teqball

C	X	R	E	C	C	O	S	R	O	O	D	N	I	S
A	C	G	O	G	Y	M	N	A	S	T	I	C	S	X
T	X	O	Q	L	Y	R	A	C	K	E	T	S	H	B
H	F	Y	X	S	L	E	Q	P	D	X	Z	Q	S	R
L	U	F	B	S	I	E	K	L	B	I	G	F	A	A
E	T	C	L	R	I	N	R	C	S	Q	L	J	U	C
T	S	Q	N	O	E	N	N	H	O	T	J	G	Q	K
I	A	S	H	J	O	D	N	E	O	H	R	F	S	E
C	L	N	N	A	Y	R	R	E	T	C	R	A	Y	T
S	G	N	X	C	K	F	B	E	T	E	K	I	D	L
R	A	C	Q	U	E	T	B	A	L	L	E	A	O	
T	S	S	T	L	G	G	X	P	L	L	A	B	Y	N
Q	G	Z	L	L	A	B	Q	E	T	L	O	E	A	X
X	D	A	N	C	E	S	P	O	R	T	X	R	R	T
T	Q	X	R	E	K	O	O	N	S	X	P	V	X	G



Steyn A, 2 Junie 2022, YOU,
Word Searches, bl 70.

OPLOSSINGS OP BL. 18

NO3

8	15	2	18	16	25		19	15	8	5	15	22
21		13		11		14		10		15		18
19	2	15	5	21	14	17		19	16	22	21	10
17		17		14		2		8		19		16
4	16	25	15	22		21	14	21	20	17	5	23
6				10		5				21		14
	1	26	3	16	7	19	17	24	16	10	6	
2		15				18		1				19
13	15	17	7	9	16	8		10	15	14	22	6
15		10		1		1		15		21		22
21	25	25	16	8		22	15	26	10	17	2	18
12		16		14		16	U	10		10		15
9	1	8	16	21	5			24	16	8	2	15
1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13
14	15	16	17	18	19	20	21	22	23	24	25	26
	U							P				B

A N
B O
C P
D Q
E R
F S
G T
H U
I V
J W
K X
L Y
M Z

CODEBRAKER 3



NO5

13		16	5	16	8	2	12	26		18		
7		20		13		14		5		16		
3	20	24	2	10		16	5	10	18	7		
20		23		26		13		19		18		
15	20	3	23 F	13 U	14 M	20	11		18	9		
20		8			20			12		2		
7	18		16	13	24	5	25	5	8	18		
22		11		22		6		24		13		
5	11	13	24	22		5	14	5	12	12		
7		12		20		1		11		24		
22		22	13	3	3	20	22	12		8		
1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13 U
14 M	15	16	17	18	19	20	21	22	23 F	24	25	26

A N
B O
C P
D Q
E R
F S
G T
H U
I V
J W
K X
L Y
M Z

CODEBRAKER 5

OPLOSSINGS OP BL. 18



Engelbrecht G, 2 Junie 2022,
YOU, Codebrakers, bl 81.

Name _____

[illegible]

	A
	a
	
	
	
	
	
	

©Lauren Thompson @ Mrs. Thompson's Treasures

Place a number from 1 to 9 in each empty cell so that each row, each column and each 3 x 3 block contains all the numbers from 1 to 9. (Answer page 23).

	7			2			4	6	
	6						8	9	
2			8				7	1	5
	8	4		9	7				
7	1						5	9	
			1	3		4	8		
6	9	7			2				8
	5	8					6		
4	3			8			7		

EASY

		6	5					8
	9	5					2	
7			9			3		
				4		2	7	
			8	7	3			
	7	9		5				
		2			8			9
	5					8	1	
3					5	4		

HARD

Kleur jou eie boekmerker in



NG Kerk Rietfontein-Suid

NG GEMEENTE RIETFontein SUID			
Finansiële verslag Januarie 2023 tot Junie 2023			
Begroot			Werklik
- 2,125	Geestelike Toerusting		- 4,361
- 225	Instandhouding		- 1,500
- 1,235,318	Gemeente Infrastruktuur		- 852,472
- 25,700	Diens van Barmhartigheid		- 24,860
- 47,500	Sending		- 42,269
- 1,310,868	Inkomste		- 925,462
62,700	Geestelike Toerusting		14,824
57,200	Instandhouding		81,639
925,962	Gemeente Infrastruktuur		730,405
37,320	Diens van Barmhartigheid		22,358
50,275	Sending		39,487
1,133,457	Uitgawe		888,713
- 177,411	Oorskot		- 36,749

Baie dankie aan elkeen wat 'n verskil maak met julle dankoffers.

Die Here jou God is by
jou, Hy, die krygsman
wat red. Hy is vol
vreugde oor jou, Hy is
stil-tevrede in sy liefde.
Hy jubel en juig oor jou

Sefanja 3:17

OESTYD

Augustus 2023

Geagte Broer en Suster,

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-beloofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou. Bydraes kan ook elektronies inbetaal word in die Sendingrekening – ABSA Bank, Rek nr 4049133874.

LAUDIUM UITREIK AKSIE

Nuusbrief: Mei 2023 van Johan Naude

In 1 Petrus 5 : 8 lees ons “Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos ‘n brullende leeu en soek wie hy kan verslind. Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof ...”

Sommer net ietsie interessant

In die Arabies – die taal waar die Quran in geskryf is, kry mens die Arabiese woord, “taqiyya” – wat beteken dat iemand wat aan die Moslem geloof behoort, die reg het om jou reguit in jou oë te kan kyk en te sweer dat hy die waarheid praat – selfs d.m.v. ‘n eed-swering (met sy hand op die Quran) – terwyl hy in sy hart wéét dat hy nie die waarheid praat nie, en op ‘n slinkse manier, besig is om vir jou te mislei - solank hy net deur hierdie wandaad van hom, die belange van Islam sal bevorder.

Mohammed self het aan sy volgelinge ‘n voorbeeld in dié verband gestel, in dat hy, toe hy nog in Medina gebly het, die karavane van die handelaars van Mecca, op ‘n gereelde basis aangeval het en hulle van hulle handelsware, en selfs ook

van hulle eie lewens beroof het. Een dag toe hy in 'n oorlog gewikkel was met hierdie einste “Meccaanse handelaars” en hy en sy manskappe aan die verloor-kant was, het hy 'n vredes-ooreenkoms wat tien jaar sou duur, met die handelaars van Mecca gesluit. Hierdie ooreenkoms het net mooi twee jaar gehou. In dié tyd het hy sy manskappe verder opgelei en versterk, en na slegs twee jaar van die duur van dié vredes-ooreenkoms, het hy sy manne bymekaargeroep en Mecca aangeval. Op hulle beurt, was die Meccane so oorbluf oor die verbreking van so 'n belangrike ooreenkoms, dat hulle binne slegs 24 ure deur Mohammed en sy manne oorrompel is. En glo my vry, vandag nog word hierdie selfde beginsel gebruik om baie belangrike ooreenkomste, soos ook internasionale ooreenkomste op te stel - net om dit so om die eerste draai weer tot niet te maak.

Net so ook gemaak met Jesus – hulle sal tot uiterstes gaan om, sou jy vir hulle vra of hulle vir Jesus ken, te sê, “ja, Hy is een van ons Profete !”

Nou glo julle alles wat julle Profete vir julle sê? “O ja, die Profete is mos deur Allah gestuur om vir ons boodskappe te bring van Hom a”.

Nou wat sê jy dan van die dag toe Jesus deur Johannes in die Jordaan-rivier gedoop is, waar die Duif op Hom neergedaal het, en waar daar toe 'n stem uit die Hemel gekom het wat gesê het, “U is My geliefde Seun, in U het Ek 'n welbehag!” (Luk 3 : 22)? Of wat van waar Hy van Homself gesê het, “Ek is die weg, en die Waarheid en die Lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie”? (Joh 14:6) Dan is Hy nóg vir hulle 'n Profeet – maar verseker nie die Verlosser van die wêreld nie.

Ons het in die tussentyd nog twee jeug uitreike gehad – een by die Himalyas woonstelle waar daar 'n hele aantal Moslem kinders onder andere ook die program bygewoon het – al het so 'n paar mammas hulle kinders daar kom wegvat het – net om maar weer so na 'n rukkie die kinders te sien terugkeer het om verder te kom speel. Met die eetgoed vir die kinders is hulle baie streng om toe te sien dat dit “halaal” is – en hoewel dit was, was daar nog steeds ouers wat ons nie geglo het nie, en hulle kinders daar weggeneem het – en toe ons die film, “Lamb of God” begin vertoon het, was daar sommer heelwat van die kinders wat nie toegelaat is om terug te keer nie. Die wat wel

daar was, wil net hê dat ons weer sal terugkom.

Die ander kinder-uitreik was by die Westpoint Baptiste Kerk gehou, waar ons ook 'n goeie aantal kinders teenwoordig gehad het vir speletjies en Evangelisasie. Ons wéét net dat God nie Sy Woord ledig na Hom sal laat terugkeer nie, maar dat elke woord dít sal bereik waartoe dit uitgestuur is. Ons “saai” en “gooi nat” maar ons weet, “dit is net God wat kan laat groei” – en ons vertrou op Hom daarvoor.

Die huisbesoeke word natuurlik ook nie agterweë gelaat nie en gaan voort soos voorheen.

Bly asseblief bid vir een van ons medewerkers, Sadda – die dokters doen hulle ondersoeke en goeters, maar intussen kwyn Sadda hier voor ons oë weg – hy weeg nou so iets soos 35 Kg.

So baie dankie vir al die voorbidding en ondersteuning wat ons van u ontvang – ons waardeer dit regtig opreg.

Navrae aangaande sendelinge

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak **Carl de Beer 083 443 9256**



Sometimes....

When things are falling apart
they may actually be falling into
place.

OPLOSSINGS



WORD SEARCH 1





WORD SEARCH 3



CODEBREAKER 3



CODEBREAKER 5





“... maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe.” - Romeine 12:2

2 Korintiërs 10:5: “Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig. Daarmee vernietig ons die redenasies en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word. Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak.”

Hebreërs 4:12: “Die Woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart.”

Fillippense 4:7: “En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.”

Fillippense 4:8: “Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is - watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees - daarop moet julle julle gedagtes rig.”

Jesaja 55:8: “My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos Myne nie, sê die Here ...”

1 Petrus 1:13: “Wees daarom verstandelik wakker en nugter en vestig julle hoop volkome op die genade wat julle deel sal word by die wederkoms van Jesus Christus.”

Onbekend, Julie 2018, Juig! Tydskrif, Vernuwe jou Denke, Volume 10 Uitgawe 6, bl 46.



Moenie bang wees nie.

Ek is by jou, moenie bekommerd

wees nie, Ek is jou God.

Ek versterk jou, Ek help jou,

Ek hou jou vas, met my eie

hand red Ek jou.

Jesaja 41:10

— LiefGodGrootliks.wordpress.com —

RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.

Kontak nommer is 0721113100